



PASTORALE BRIEF DESEMBER 2019

Die engelelied

Skielik was daar saam met die engel 'n menigte engele uit die hemel wat God prys en sê: "Eer aan God in die hoogste hemel, en vrede op aarde vir die mense in wie Hy 'n welbehae het!"

Lukas 2:13-14

Ons het almal geleenthede wat ons baie graag sou wou meegemaak het. Wat van toe die Springbokke nou pas weer die wêreldbeker gewen het? Of toe Neil Armstrong die eerste man was om op die maan rond te loop? Of toe Chris Barnard-hulle na die eerste hartoorplanting uit die teater gekom het? En so kan ons aangaan. Maar jy kan dit alles maar hou, as ek net daardie eerste Kersnag op die velde buitekant Betlehem kon wees om daardie engelelied te hoor... Ek is seker dit sou al die wonderlike kore wat ek al hoor sing het verreweg oortref.

Maar aan die ander kant sou ek dalk ook so groot geskrik het, dat die hele geleentheid 'n bietjie by my verby sou gaan. Want stel jou net voor, hoe onkant dit daardie eenvoudige groepie skaapwagters gevang het. Een oomblik was die nag doodstil, net soos honderde ander. En die volgende oomblik is dit of die son opkom, so 'n helder lig omring die vreemde figuur wat net daar staan, en hulle begin vertel van 'n wonderwerk wat so pas in die dorpie wat hulle so goed ken, gebeur het. En terwyl hulle nog sukkel om daarvan te herstel, trek die massakoor van engele los: "Eer aan God in die hoogste hemel, en vrede op aarde vir die mense in wie Hy 'n welbehae het!" Stel jou hulle verwondering voor, wanneer hulle die pad dorp toe aanpak. God het 'n wonder gedoen – kom ons gaan kyk!

Dis weer amper Kersfees. Ek bid jou dieselfde verwondering toe, dat jy saam met die herders oopmond by die krip kan gaan staan. Verwonderd oor die wonder wat God gedoen het. Verwonderd oor sóveel liefde...